
# FAMILIENUUS

pelgrimstog deur die lewe
Outeniqualand
oorgee · omgee · aangee



16 Augustus 2026

## Wat jy hierdie week moet weet!

## SONDAG

Ons nooi jou uit na Sondag se erediens om 09:30 by die kerk (Sinksabrug). Ons is by tema 4 van ons reeks Pelgrimsreis agter Jesus aan! Sondag se tema is *Op pad na die beloofde land*. (Deut 32:1-12)

Kom geniet 'n heerlike koppie koffie/tee in die saal na afloop van die erediens.




## DEUROFFER: TEOLOGIESE KWEEKSKOOL

Die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Stellenbosch bied onder andere opleiding vir studente van verskillende kerke met die oog op die bediening as predikante en jeugwerkers. Die uitdrukking Teologiese Kweekskool dui op daardie afdeling/skool in die Fakulteit Teologie van die Universiteit wat predikante vir die bediening in die NG Kerk oplei. Predikante van die NG Kerk-familie word sedert 1859 hier opgelei. U voorbidding vir beide die bedienings- en akademiese vorming van al die studente, die Dekaan, dosente en al die personeel word gevra.

Me Amanda van Niekerk / 021 887 6819 / toerusting@sun.co.za.

## VOLGENDE SONDAG

Ons nooi jou uit na volgende Sondag se erediens om 09:30 in die kerk by Sinksabrug. Volgende Sondag se tema is: *Op pad na ander moontlikhede.* (Rut 1 & 2 / Joshua 2)

## DEUROFFERS

Verlede Sondag het ons R1 130 ingesamel vir SAAWE. Volgende Sondag se deuroffer is vir die Christelike Lektuur Fonds.

# oorgee

## GETROUHEID/ GEHOORSAAMHEID

Rekeningbesonderhede: NGK Outeniqualand; FNB Tjek rekening; Rek nrs.: 623 584 60401; Takkode 210-114. *Verwysing: Deuroffer/Dankoffer/Projek/ Bankkollekte ens.*




## BYBELSTUDIES

Skakel gerus vir Pieter Landman by 072 518 6964 as jy belangstel om aan te sluit.

- Mansbybelstudie is Do om 08:00 in die KH-saal.
- Damesbybelstudie is Do om 09:30 in die KH-saal.



# omgee

## VERJAARSDAE

Baie geluk aan elkeen wat 16 tot 22 Augustus verjaar:

**So 16**

Thomas Ramage

**Di 18**

Ina Groenewald
Alfie Louw
Gys van der Westhuizen

**Wo 19**

Albert Barnard
Melchior Briers
Gerda Heunis
Wynand Nortje
Johan van Schalkwyk

**Do 20**

Susan Booyens
Hanna Le Roux

**Vr 21**

Elsabé Barnard
Willem Byleveld
Bettie Hugo
Karen Stoltz
Dalene Groenewald
Daan Botha

**Sa 22**

Kobus Hattingh
Nina van Heerden



# ONS BID VIR...

1. Teologiese Kweekskool (Deur-offer): Bid vir suiwere vorming van al die studente. Bid ook vir dosente en personeel van die kweekskool.

2. Bid vir verhoudings, respek en omgee – veral in aanloop tot die verkiesing. Bid vir verhoudings in huwelike, tussen kollegas en werksmense, tussen rasse en tussen ouers en kinders.

3. Bid vir die suiwer uitleg, belewing en verkondiging van God se Woord.

4. Bid teen gierigheid en die gejaag na geld (ten alle koste) in ons land. Matt. 6:24 "Julle kan nie God en mammon dien nie."

5. Bid die Woord: "Wat julle ook al doen, doen dit van harte soos vir die Here en nie vir mense nie." (Kol. 3:23)

DANKIE:

1. Vir die beskerming van woonplekke teen die elemente van die natuur.

2. Dankie dat ons elkeen persoonlik kan terugkyk op 'n pad wat God saam met ons geloop het tot waar ons nou is.




**GEBEDSUITDAGING VIR DIE WEEK:**

Ons bid nie om God in kennis te stel nie. Ons bid om God deel te maak. Hy weet reeds, maar wag vir ons om Sy hulp te vra.

Kronies: Annemarie Swart, Justin Deysel en Marion van Niekerk. Herstel: Anél Diedericks, Isabelle Winnertz, Dirk Swart, Willem Byleveld, Serah Bester, Errol Thysse. Kanker: Reiner Becker, Nadia Botha, Irmgard Nel, Elize Odendaal, Ronel Skeen, Joey Buitendagh se dogter Karina Richter, Malan en Elrine Barnard se agterkleinseun.

## AKTIWITEITE IN OUTENIQUALAND

Outeniqualand gemeente bestaan uit lidmate met uiteenlopende belangstellings, gawes en talente. Om hierdie rede probeer ons om vir elkeen geleentheid te gee om sy spesifieke talent/gawe/belangstelling in ons gemeente uit te leef. **Dit beteken dat daar 'n kruiwa vol aktiwiteite is waarby jy betrokke kan raak.** Die idee is nie noodwendig om by alles betrokke te wees nie, maar eerder om uit die kruiwa **dié aktiwiteite te kies waarin jy belangstel of waar jy jou spesifieke gawes/talente kan gebruik of waar die Here jou hart aanraak.**

Vir al die aktiwiteite word daar uit die kerk se begroting bygedra, maar ons wil ons gemeentelede die geleentheid gee om ook betrokke te wees om 'n verskil in mense se lewens te maak. Ons nooi elke lidmaat uit om by die Here te hoor waar en hoe jy betrokke moet wees.

Om hierdie rede wil ons net weer beaam:

- alle aktiwiteite is op 'n **vrywillige** basis (jy kan kies waarby jy betrokke wil wees en hoef nie noodwendig by almal betrokke te wees nie)
- by meeste van die aktiwiteite/uitreike word die gemeente se bydraes aangevul uit die gemeente se jaarlikse begroting.
- **Hou die Familienuus dop** vir inligting oor al die aktiwiteite van Outeniqualand waarby jy betrokke kan raak en geleenthede vir jou om jou gawes, talente, tyd, energie en belangstellings te gebruik.
- Ons wil jou aanmoedig om die Familienuus van hoek tot kant te lees, want hy is propvol waardevolle inligting en bemoediging. Bly ingelig!

## GEMEENTEBEDIENING

Die Diensgroep vir Gemeente-bediening vergader **Maandag om 14:00 in die kerksaal (Sinksabrug)**. Ons hanteer die volgende fasette van ons gemeente-wees:

Eredienste/Koor/Musiekbediening/Vonkies/Belydenisklas/Nuwe Intrekkers/Gebedsbediening/Klein-groepe/Aktiwiteite soos Stap-en-Braai/Klankstelsel/Gesinsdienste/Kerssangdiens en meer.

As die Here dit op jou hart lê om die gemeente te dien, sluit Maandag aan by ons en kyk waar jy betrokke kan raak.

## KUIERGELEENTHEID: HUIS- EN TUINHULPE

Hierdie kuiergeleentheid vind plaas op Saterdag 22 Augustus 2026 om 10:00 by die KH-saal te Glentana.

Hoekom bied ons so 'n geleentheid aan?

- Ons wil dankie sê vir die rol wat hulle in ons lewens speel.

- Ons wil graag ons christelike gasvryheid teenoor hulle betoon.
- Ons wil verhoudings bou.
- Ons wil 'n geestelike inset maak in hulle lewens.

**Hoe lyk die oggend se program?**

- Die oggend gaan lig, vrolik en opbouend wees. Ons skop af met 'n kenmekaar.
- 'n Rollespel oor ouerskap
- Getuienis oor 'n tuinbou projek
- Ete (Sop en broodjies)
- Lofprysing met Enrico Gertse en sy span
- Geestelike inspirasie: Enrico Gertse

Ons wil ons lidmate uitdaag om met die volgende behulpsaam te wees:

- Die uitnodigingskaartjies is by hierdie Familienuus ingesluit. Nooi asb jou huis- en tuinhulp persoonlik deur die kaartjie in sy/haar hand te plaas.
- Ons gaan vervoer benodig om hulle by die KH-saal te kry. Mag ons vra of jy hulle betyds daar sal kry?
- Ons wil jou uitnooi om saam met hulle die oggend by te woon. Ons behoort voor 13:00 klaar te wees.

Skakel die kerkkantoor vir inligting.



# inligting

## BLY OP HOOGTE!

Indien jy op hoogte wil bly van die gemeente se aktiwiteite **via whatsapp**, stuur 'n whatsapp na ds Jan se nr (084 258 8646) met jou naam daarby. (Jy hoef nie jou lidmaatskap aan te vra hiervoor nie).

## TESOURIER

Die Kerkraad het goedgekeur dat die pos van tesourier geskep word om die bestuur van ons groter-wordende gemeente se finansies te hanteer. Die advertensie vir die pos sal volgende Sondag bekend gestel word.



**OORGEE:** om God te verheerlik deur oorgegewe lewens wat gekenmerk word deur gehoorsaamheid aan Sy wil.

- Rom 12: 1Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is.
- Ef 5: 10Vra julle voortdurend af of iets vir die Here aanneemlik is,



**OMGEE:** om liefdevol vir alle mense om te gee, geestelik toe te rus en te versorg vir 'n praktykgerigte lewe.

- Rom 13: 8Julle moet niemand iets verskuldig wees nie, behalwe om mekaar lief te hê.
- Ef 4: 32Wees eerder vriendelik met mekaar. Gee vir mekaar om. Vergewe mekaar soos God julle vergewe het op grond van wat Christus gedoen het.
- Heb 10: 24Laat ons ook na mekaar omsien deur mekaar aan te spoor tot liefde en goeie dade.



**AANGEE:** Om aktief die liefde van die Here aan te gee deur met die goeie nuus van Jesus se verlossing uit te reik na ons GESINNE, VRIENDE, GEMEENSKAP en die WêRELD.

- Mat 10: 8Julle het dit verniet ontvang, gee dit ook verniet.
- Luk 6: 38Gee, en vir julle sal gegee word:

**ons visie**

Outeniqualand

oorgee • omgee • aangee

Kontak ds. Jan by 084 258 8646 of janfourie7777@gmail.com.
Hy besoek jou graag. Neem asb. vrymoedigheid om met ons te skakel indien jy behoefte het aan 'n besoek.

Kontak Merinda by die kerkkantoor by 044-876 0158/ngouteniqua@gmail.com of kom besoek die kerkkantoor Dinsdae tot Vrydag (08:30 - 13:30) asook Woensdag (15:00 - 16:30) en Sondae (09:00 tot 11:00).

Annemarie as Fasiliteitsbestuurder kan gekontak word by 084 551 6282 en Tinus ons orrelis by 072 649 2596.
Besoek ons ook by www.outeniqualand.co.za
of op Facebook by NG Outeniqualand Gemeente.

# snuffelhoekie

## PENDELDIENS

Een van ons lidmate het begin met 'n Lughawe- en Dorp-pendeldiens. Hy kan help so wyd as Oubaai/ Heroldsbaai/Glentana/Groot Brak-rivier/Wildernis/Victoriabaai. Hy sê sy diens is betroubaar, bekostig-baar, betyds en veilig. Kontak gerus vir George Botha by 082 566 3374.

## HELP ASB.

As jy 'n Commode het om te leen of te verkoop. Kontak asb. dringend vir Lorraine by 082 502 7093.




## 5 STER KOMPOS

Die naam sê dit alles.......

U tuin smag daarna! Kontak Frank Robertson – 082 456 5965

R50 per sak/R650 per kubieke meter grof/R700 per kubieke meter gesif.

Outeniqualand-gemeente staan nie in vir die kwaliteit van produkte of dienste gelewer nie en vrywaar haarself van enige skade en/of verliese wat deur of as gevolg van 'n advertensie gely word.

Indien jy 'n produk of diens in die snuffelgids wil adverteer, kontak vir Merinda by die kerkkantoor ngouteniqua@gmail.com of 044-876 0158.

